

23 Desember

Skrifgedeelte: Jesaja 52:13-53:12 (OAV)

Fokusgedeelte: Jesaja 52:1 en 53:2b-5

Vernedering en verhoging

Hierdie profesie handel oor die vernedering en verhoging van die Kneg van die Here. Niemand lees hierdie profesie onbewoë en word nie diep daardeur geraak nie. Die Etiopiër het vanuit hierdie profesie die evangelie uit die mond van Filippus gehoor en is gedoop (Hand 8:32-33).

“Kyk, my Kneg sal voorspoedig wees, Hy sal hoog en verhewe, ja, baie hoog word”. Eers moet Hy egter onmenslik verneder word met geen gestalte of heerlikheid nie; verag en deur die mense verlaat; ’n man van smarte en bekend met krankheid; ja, soos een vir wie ’n mens sy gelaat verberg; Hy is ter wille van ons oortredinge deurboor, ter wille van ons ongeregthede is Hy verbrysel; die straf wat vir ons die vrede aanbring, was op Hom, en deur sy wonde het daar vir ons genesing gekom. “Nogtans het Hy óns krankhede op Hom geneem, en óns smarte - dié het Hy gedra...”

In die twaalf Artikels maak Jesus se vernedering en verhoging ’n belangrike kern van ons belydenis uit. Vernedering: gebore uit die maagd Maria; wat gely het; onder Pontius Pilatus gekruisig, gestorwe en begrawe is en, samevattend van sy vernedering, neergedaal het na die hel. Verhoging: op die derde dag opgestaan uit die dood; opgevaar na die hemel; sit aan die regterhand van God, die almagtige Vader, die Regter oor die lewendes en die dooies.

Lees vandag weer hierdie gedeelte. Lees dit soos die Etiopiër en verstaan dat dit vernedering in jou plek was. Verstaan verder dat ook die verhoging in jou plek is. Ons is aan Jesus verbind! Waar Hy is, sal ons wees! Sit jou reis met blydschap voort (Hand 8:39).

Sing: Psalm 22:3

Ds FJ du T Lessing (Emeritus)